**Blouberg Ridge Primary School**

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

**Naam: Nasienriglyne**

**Datum: 29 Junie 2021**

**Eksaminator: A. Coertzen**

**Taak 5: Reflek op teks**

**Onderwysers: ……………………**

**Graad 6**

**Tydsduur: 1 uur**

**Moderator: ……………………………**

**Totaal: 50**

**<u>LEESBEGRIP:</u>** Lees die volgende inligtingsteks en beantwoord die vrae wat volg. [20]

## Hoekom Renoster 'n Grys Vel Het

Lank gelede, toe die wêreld nog jonk was, was Afrika 'n baie warm plek. In die somer bring die storms groot reëndruppels wat die watergate sou volmaak en al die diere genoeg gee om te drink. Die gras sou groen wees en daar sou ook baie lieflike, pap modder (mud) wees om in te lê. Somer was 'n ontspannende (relaxing) tyd vir al die diere van Afrika, veral Razo die renoster. Razo was die beste en dapperste brandweerman (fireman). In die somer, wanneer daar volop water was, was daar nooit enige vure om te blus (extinguish) nie; daarom kon Razo heeldag in die pap modder lê.


In die winter sou daar geen reën vir maande wees nie. Die watergate sou opdroog en die gras sou droog en bruin word. Maar selfs al was dit winter, sou die son aanhou brand en vure in die lang, droë gras begin. Winter was daarom 'n moeilike tyd vir Razo. Hy sou baie van sy dae en nagte spandeer (spend) aan vure doodtrap om almal veilig te hou.


Een jaar het die reën voor die einde van die somer opgehou en dit was warm en droog nog voor die winter begin het. Soos die warm son geskyn het, het vure orals begin opduik. Razo het selfs harder as gewoonlik gewerk. Hy sou dag en nag rond hardloop om die vure te vertrap. Kort voor lank het die as van die vure aan sy pragtige, bruin, blink vel begin klou en hom in 'n dik laag vaal, grys as bedek (covered). Razo was so besig om die ander diere van die vuur te red dat hy nie eers agtergekom het dat sy pragtige, bruin vel in 'n vaal, grys kleur verander het nie.

Uiteindelik het die winter geëindig (ended) en die reën na die landskap gebring. Razo kon uiteindelik 'n kans kry om te rus en 'n bad te vat, maar hy het gou agtergekom dat die vaal, grys as wat so lank op sy vel was, sy vel vir ewig gekleur het.

*[Aangepas vanaf: twinkl.co.za]*

Exemplar





Vraag 1: Pas die woord in kolom A by die korrekte definisie in kolom B: ***(Vlak 3)*** (8)

| Kolom A | Antwoord | Kolom B |
|---|---|---|
| 1. reën | **1.1. c✓** | a. Die warmste tyd van die jaar. |
| 2. storm | **1.2 g✓** | b. Plek waar wilde diere water drink. |
| 3. ontspan | **1.3. h✓** | c. Water wat uit die lug val. |
| 4. somer | **1.4. a✓** | d. Nie in gevaar nie. |
| 5. watergat | **1.5. b✓** | e. Die koudste tyd van die jaar. |
| 6. vel | **1.6. f✓** | f. Almal se lywe is hiermee bedek. |
| 7. veilig | **1.7. d✓** | g. Wanneer daar reën, wind en donderweer is. |
| 8. winter | **1.8. e✓** | h. Om te rus. |

Vraag 2: Rangskik die sinne in die volgorde soos dit in die teks voorkom. ***(Vlak 2)*** (4)

| |
|---|
| 1. Razo se vel is grys gevlek verewig. |
| 2. Razo maak die vure dood. |
| 3. Die son steek die gras aan die brand. |
| 4. Razo ontspan in die modder. |

_4_✓ _3_✓ _2_✓ _1_✓

Vraag 3: Kies die korrekte antwoord: ***(Vlak 1)*** (4)

3.1. Hoekom is Razo se vel nou grys?

a. Hy het dit so geverf.
b. **Die as het sy vel gevlek. ✓**
c. Sy vel is nog altyd grys.
d. Dit is nou 'n populêre kleur.

3.2. Hoekom is winter 'n moeilike tyd vir Razo?

a. Hy hou nie van koud kry nie.
b. Daar is baie reën.
**c. Daar is baie vure. ✓**
d. Daar is te min modder om in te lê.

3.3. Hoekom moet Razo die diere veilig hou?

a. **Hy is 'n brandweerman. ✓**
b. Hy is die grootste dier.
c. Hy is die koning van die landskap.
d. Hy hou daarvan om dit te doen.

3.4. Hoekom was daar so baie vure daardie jaar?

a. Daar was te min reën.
b. **Dit het vroeg opgehou reën**. ✓
c. Dit was warmer as gewoonlik.
d. Iemand het vure gestig.

Vraag 4: Beantwoord die volgende vrae in volsinne: ***(Vlak 4&5)***

4.1 Razo vertrap die vure. Noem nog 'n manier om 'n vuur dood te maak. (1)
**Vure kan met water of skuim geblus word en soms kan vure versmoor word deur suurstof weg te vat. ✓**

4.2. Hoe weet ons hierdie storie het nie in die Wes-Kaap gebeur nie? (1)
**Die Kaap is 'n winterreënval gebied. ✓**


4.3. Wat is jou gunsteling wilde dier? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
**'n Olifant✓, want ek hou van hoe groot hulle is✓. (Enige gepaste antwoord) (naam van die dier ✓, gepaste rede✓)**

[20]



Exemplar

**<u>VISUELE TEKS:</u> Kyk na die prente en voltooi die vrae.** [10]




| | |
|---|---|
| voël | 2020 |
| 2013 | twee |
| hartseer | koerant |
| drie | gelukkig |

5.1. <u>Vul die korrekte antwoorde in</u>

Daar sit 'n 5.1.1. **voël**✓ in die boom. Die 5.1.2. **koerant**✓ sê daar is reeds vyf renosters in 5.1.4. **2013**✓ gestroop. Daar is 5.1.3. **drie**✓ renosters met teikens op hulle velle. Die renosters lyk baie 5.1.5. **hartseer**✓.




5.2. <u>Kies die korrekte antwoorde tussen hakies</u>

5.2.1. Die prent is (**snaaks**✓/ernstig/verskaf inligting).

5.2.2. Die renoster se naam is (Melinda/**Mathilda**✓/Melanie).

5.2.3. Die voorste renoster is aangetrek soos (Arianna Grande/**Lady Gaga**✓/Britney Spears).

5.2.4. Die renoster dra 'n (**romp**✓/broek/trui) en (**stewels**✓/tekkies/plakkies) wat haar vreemd laat lyk.

[10]

Exemplar

**OPSOMMING**

Lees weer deur die volksverhaal '*Hoekom Renoster 'n grys vel het*' en voltooi daarna die opsomming deur die korrekte woorde tussen hakies te kies. [5]

Gedurende die 6.1. (**somer**✓/winter/herfs) maande reën dit in die Graslande. Diere lê graag in die modder om te 6.2. (**ontspan**✓/baklei/slaap) gedurende hierdie tyd. In die 6.3. (somer/**winter**✓/herfs) is dit baie droog en is daar baie 6.4. (vloede/**brande**✓/hael). Razo werk dan baie hard om die vure te 6.5. (**vertrap**✓/stig/blus).

**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES** [15]

Vraag 1: Gee die meervoudsvorm van die volgende. (2)

1.1. bad - **baddens** ✓ 1.2. brandweerman - **brandweermanne**✓

Vraag 2: Plaas die bywoord in hakies op die korrekte plek in die sin. (1)

2.1. Dit reën in die somermaande. (hard)
Dit reën **hard**✓ in die somermaande.

Vraag 3: Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord in hakies. (1)

3.1. Razo het 'n baie (moeilik) **moeilike**✓ werk as 'n brandweerman.

Vraag 4: Skryf die trappe van vergelyking van die woorde. (2)

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| baie | 4.1. **meer**✓ | 4.2. **meeste**✓ |

Vraag 5: Herskryf die sinne in die verlede tyd. (2)

5.1. Razo trap op die brandende gras.
Razo **het** op die brandende gras **getrap**. ✓

5.2. Razo is moeg in die aand.
Razo **was** moeg in die aand. ✓

Vraag 6: Verander die sin na 'n bevelsin. (2)

6.1. Ek vertel mense van die gevare van veldbrande.
**Vertel** mense van die gevaar van veldbrande. ✓

6.2. Ek luister na Lady Gaga se musiek.
**Luister** na Lady Gaga se musiek. ✓

[15]

Exemplar

Vraag 7: Herskryf die sin in die ontkennende vorm. (2)

7.1. Dit reën in die winter.

Dit reën **nie** in die winter **nie.** ✓

7.2. Iemand het die gras aan die brand gesteek.

**Niemand** het die gras aan die brand gesteek **nie.** ✓

Vraag 9: Voltooi die sinne deur die korrekte voornaamwoorde in te vul. (2)

Die diere sê 9.1. **hulle** ✓ is almal bly dat Razo 'n brandweerman is. 6.2. **Hy** ✓ is baie goed in sy werk.

Vraag 10: Skryf die volgende sin korrek oor volgens STOMPI. (1)

10.1. lekker Razo elke dag in die modder bad

**Razo bad elke dag lekker in die modder.** ✓

[5]

Exemplar